higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

INDUSTRIËLE ORIËNTERING N3

(4110033)

15 November 2022 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.

033Q1E2215

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
INDUSTRIËLE ORIËNTERING N3
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op ’n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1–1.15) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.1 Daar is slegs twee dokumente in die ISO 9000-familie van gehaltebestuur-stelsels.

1.2 Semi-staalprodukte en sekondêr afgewerkte produkte sluit geelkoper, koper en aluminium in.

1.3 Port Elizabeth Steel Works is Suid-Afrika se grootste staalprodusent.

1.4 Suid-Afrika is vierde op die wêreldranglys van staalproduksie.

1.5 Arcelor-Mittal is ’n maatskappy wat daarop fokus om verbruikers te beskerm met betrekking tot gesondheid, veiligheid en lewensgehalte.

1.6 Die Suid-Afrikaanse Gehalte-instituut (SAQI) is ’n organisasie sonder winsoogmerk wat die rol speel om metaal- en staalmaatskappye wat sukkel, te befonds.

1.7 Die WNNR het ten doel om by te dra tot die instel van standaarde om verbruikertevredenheid ná die gebruik van enige produk te verseker.

1.8 Die WNNR is in die hoofstad van Port Elizabeth geleë.

1.9 Die kernaktiwiteite van die NOK sluit die ontwikkeling van standaarde en regulerende stelsels in.

1.10 Die SABS is Suid-Afrika se grootste ontwikkelingsfinansieringsinstelling.

1.11 Suid-Afrika is die grootste staalprodusent in Afrika.

1.12 Ongeveer 500 000 ton ysterhoudende skroot is in 2001 deur metaalherwinners uitgevoer.

1.13 Arcelor-Mittal is in 1989 vir die eerste keer op die JSE Sekuriteitsbeurs genoteer.

1.14 NOK is die afkorting vir die Nywerheidsontwikkelingskorporasie.

1.15 Arcelor-Mittal is in 1928 gestig.

(15 × 1) **[15]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

2.1 Gee SES nadele van 'n eenmansaak (alleeneienaarskap). (6)

2.2 Verduidelik die term *vennootskap*. (3)

2.3 Onderskei tussen die volgende:

2.3.1 'n Publieke maatskappy (Bpk.)

2.3.2 'n Private maatskappy (Edms.)

(3 × 2) (6)
[15]

VRAAG 3

3.1 Noem SES verantwoordelikhede van 'n toesighouer. (6)

3.2 Organisasiestruktuur maak dit moontlik om uitdruklike verantwoordelikhede vir verskillende funksies en prosesse aan verskillende entiteite soos internasionale en nasionale takke toe te wys.

Noem VYF ander verskillende entiteite. (5)

3.3 Kies die korrekte antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (3.3.1–3.3.4) in die ANTWOORDBOEK neer.

(3.3.1) (Burokratiese/Nieburokratiese) organisasies het te alle tye (3.3.2) (baie/min) lae van bestuur.

(3.3.3) (Formele struktuur/Tegniek) is nodig en ook baie belangrik vir enige (3.3.4) (burokratiese/nieburokratiese) organisasie. (4)
[15]

VRAAG 4

Noem VYF behoeftes in Maslow se hiërargie en gee EEN voorbeeld van elke behoefte.
(5 × 2) **[10]**

VRAAG 5

5.1 Noem VYF faktore wat ontevredenheid onder werkers in die werkplek kan veroorsaak. (5)

5.2 Noem SEWE eienskappe waaroor 'n goeie leier moet beskik. (7)

5.3 Definieer die term *empatie* deur na 'n leierskapeienskap te verwys. (3)
[15]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 6

6.1 Waarom is arbeidsonderrig so belangrik in Suid-Afrika? (5)

6.2 Verduidelik kortliks die volgende terme:

6.2.1 Aanvraag

6.2.2 Produksie

6.2.3 Vry goedere

6.2.4 Ekonomiese goedere

6.2.5 Nut

(5 × 2) (10)
[15]

VRAAG 7

7.1 Toesighouers kan pligte aan enige personeellede delegeer om dit in hulle afwesigheid uit te voer.

Noem enige SES pligte wat 'n gedelegeerde lid in die afwesigheid van die toesighouer moet uitvoer. (6)

7.2 Noem VIER soorte leierskapstyle. (4)

7.3 Gee VYF redes waarom werkers nie hulle leiers in hulle vertroue neem nie. (5)
[15]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou